LAERSKOOL UNIKA
ONS BOU

# inligtingsbrief

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**5 Augustus 2019 / Nr. 24**

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Dis ŉ kort week wat voorlê. **Vrydag, 9 Augustus** is Nasionale Vrouedag. Die skool sal op **Donderdag, 8 Augustus** om 12:00 sluit a.g.v. die langnaweek. Toesig sal vanaf 12:00 tot 13:30 beskikbaar wees. Naskoolsentrum sal normaalweg voortgaan.
Graad **4 tot 7- leerders** sal hul **toetse op Donderdag, 8 Aug** **om 11:00 skryf**. Sterkte en doen jul bes! Ouers, spoor asb. u kinders aan om hard te leer. Sien toetsrooster onderaan.

Die **Voortrekkers** is veilig terug van hul **kommandokamp** en het dit ontsettend baie geniet. Die kleintjies wat vir die eerste keer gaan kamp het, was al te oulik met hul bagasie en padkos!

Carla Klingbiel, Dirk Jacobs en Anja Engelbrecht wat aan die **ATKV-redenaars: finaal** deelgeneem het, is ook veilig terug. Dit het baie goed gegaan en ons wag met opwinding vir die uitslae. Unika is baie trots op julle.

Aan al die **tennisspelers, krieketspelers, hokkiespelers en landloopatlete** wat hierdie week deelneem aan verskeie byeenkomste, **baie sterkte**. Hou Unika se naam hoog!
Die **senior-tennisspan** wat na Bethlehem **toer**, reis veilig, bly warm, geniet dit en sterkte!

Ons herinner u daaraan dat **vanaf Maandag, 5 Aug.** (vir sekuriteitsredes) die enigste hek in Abbotweg (hoofhek) oop sal wees ná 15:30. Die sporthek sal steeds oop wees gedurende normale tye tussen 06:45 en 07:30 en tussen 13:00 en 15:30. Ons waardeer u samewerking.

**OUERS EN LEERDERS**, dit is vir ons uiters belangrik dat leerders **gedissiplineerd, veilig, gelukkig en op hoogte gehou word** met alles wat by die skool gebeur en te verseker dat alles vlot verloop. Leerders se akademie kom natuurlik eerste en ons streef na beter sukses. Ons kan dit net regkry met die samewerking van ons ouers en leerders ten alle tye. Graag versoek ons dat u sal **saamwerk** en vra dat die volgende ernstig opgeneem- en gedoen sal word:

**1. OMSENDBRIEWE**
Lees omsendbriewe noukeurig om seker te maak van alle inligting en dit nie nodig sal wees om die skool te kontak vir inligting wat reeds in briewe deurgegee is nie.

**2. SKEURSTROKIES**
Stuur skeurstrokies vroegtydig terug skooltoe. Personeel het nie tyd om heeltyd op te volg oor skeurstrokies nie.

**3. KORREKTE KONTAKPROSEDURES**
Volg die korrekte prosedures vir kontak en/of afsprake met personeel (sien heel onderaan by punt nr.6).

4. **ITEMS WAT TUIS VERGEET WORD**

Ons vra asseblief dat ouers nie enige items agter leerders sal aanry skool toe nie. Die enigste uitsondering wat gemaak sal word is vir kosblikke.

Help ons asseblief om 'n sin van verantwoordelikheid te kweek en leerders aan te moedig om die vorige aand reeds alles reg te kry vir die volgende skooldag. Dit geld veral vir seniors. GEEN BL-klere/take/toesprake/boeke of enige materiaal vir projekte sal aan leerders gegee word nie - geen uitsondering sal gemaak word nie.

5. **DIE GEBRUIK VAN UNIKA SE ONTVANGS AS 'N AFLEWERINGSPUNT**

Unika se ontvangs kan nie as 'n afleweringspunt gebruik word nie. Hoewel ons verstaan dat dit 'n gerieflike punt is om pakkies/items/geld/sakke te los, het ons nie die plek om hierdie items te stoor nie. Dieselfde reëling geld vir Voortrekkerspanne wat items by leerders of ander ouers moet uitkry.

6. **ITEMS MOET GEMERK WEES**



Verlore goedere bly steeds 'n groot uitdaging en baie min samewerking van leerders sowel as ouers word ontvang. Baie baie dankie aan Michelle Coetzee wat haar tyd gratis aanbied om ons te help. Alle items wat skool toe kom, MOET GEMERK WEES. Ouers wat die moeite doen om hulle kinders se items te merk kry dan twee-weekliks 'n epos om hulle in te lig dat items afgehaal kan word. Baie teleurstellend is die feit dat slegs sowat die helfte van die gemerkte items dan afgehaal word. Hier is 'n foto van hierdie week se boks. Enige voorstelle van hoe hierdie probleem opgelos kan word, sal waardeer word.

7. **LEERDERS WAT LAATKOM VIR SKOOL**

Leerders wat aanhoudend laatkom vir skool se name sal met die GDO gedeel word, waar hulle dan sal intree en ouers wat verkeer as 'n verskoning gebruik, sal die Departement help om leerders in skole nader aan hulle huisadres te plaas.

**Skoolure is streng 07:30-13:05 (Gr. R – 2) en 07:30 – 13:30 (Gr. 3 – 7).**

Ouers moet om 07:30 die skoolgronde verlaat. Volgens die skolewet is leerders die verantwoordelikheid van die personeel tydens skoolure, en indien 'n ouer rede het om die skool te besoek tydens hierdie ure, moet daar by die kantoor aangemeld word waar die kantoorpersoneel die nodige reëlings sal tref om u by te staan.

Leerders wat laatkom vir skool meld by die kantoor aan om in te teken. **GEEN Graad 1 – 7 ouer sal toegelaat word om saam met leerders ná 07:30 na die klasse toe te stap nie.**

8. **OUERS WAT ANDER LEERDERS AANSPREEK**

Graag versoek en herinner ons u dat **geen ouer die reg het** om enige ander leerder van Laerskool Unika op die skoolterrein of by enige sportbyeenkoms aan te spreek nie. Indien daar 'n probleem is moet die sportorganiseerder of enige ander diensdoenende personeellid van Laerskool Unika ingelig word. Ons het ongelukkig verskeie klagtes gehad van 'n onsmaaklike insident wat by die landloopliga plaasgevind het. Indien 'n ouer ander leerders herhaaldelik aanspreek sal die ouer ongelukkig verbied moet word om byeenkomste by te woon of om die skoolterrein sonder toesig te betree. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband en glo dat u verstaan en saamstem.

Ons waardeer u samewerking opreg.

# Toetsrooster : Derde kwartaal 2019

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Donderdag<br>08 Augustus | Engels | Engels | Engels | Afrikaans |
| Vrydag<br>16 Augustus | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | NW |
| Vrydag<br>23 Augustus | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Engels |
| Vrydag<br>30 Augustus | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| Vrydag<br>06 September | | | | SW: Geografie & Geskiedenis |

- Toetse word aan die begin van die dag geskryf. Alle leerders moet stiptelik om 07:40 begin skryf. Dit is baie steurend vir die res van die klas as iemand laat is.

- Neem kennis van ENGELS: gr. 4 – 6 en AFRIKAANS: gr. 7 wat op 'n Donderdag geskryf word a.g.v. openbare vakansiedag.

- Afbakening word een week voor die tyd aan die leerders gegee. Dit verskyn dan ook op die webtuiste.

- Ouers teken toetse as leerders dit terugkry - dit is baie belangrik dat ouers kennis neem van punte.

- Vir navrae aangaande toetse - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.

- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.

- ***NB: NEEM KENNIS DAT LEERDERS OP VERSKILLENDE DAE SKRYF!***




- ***NB: Gr 4 – 7 leerders wat die toets mis, skryf dit op Maandag in die kantoor, gedurende saalopening.***

***Navrae na Juffrou Suzette O'Connell: Suzette.OConnell@unika.co.za***

## 2. KULTUUR & SPORT

Alle oefentye word op d6 geplaas. Inligting, wedstryde en optredes as volg kan ook op d6 gesien word:

**Tennis**

Dinsdag, 6 Aug.

- Seniors: Bethlehemtoer vertrek om 10:00.
- Juniorseuns: A- Fairland (tuis), B- Parkview Senior (weg), C- Crawford Sandton (weg).
- Geen skoolspanoefeninge of privaatlesse.

Woensdag, 7 Aug.

- Juniordogters: geen wedstryde hierdie week.
- Geen privaatlesse.

Donderdag, 8 Aug.

- Geen skoolspanoefeninge of privaatlesse.

Saterdag, 10 Aug.

- Seniors: Bethlehemtoer keer terug.

**Hokkie**

Maandag, 5 Aug.

- o/9 – o/12 dogters teen LLG (weg).
- o/13 dogters teen Curro (weg).

Woensdag, 7 Aug.

- Geen hokkie oefeninge van o/9 tot o/13 a.g.v. landloopbyeenkoms.

Donderdag, 8 Aug

- Geen seunswedstryde hierdie week.

**Krieket**

Maandag, 5 Aug.

- 1ste span teen Fairland (tuis).

Dinsdag, 6 Aug.

- o/9B teen Fairland (tuis).
- o/9A teen Fairland (weg).

Woensdag, 7 Aug.

- Geen krieketoefeninge van o/9 tot o/13 a.g.v. landloopbyeenkoms.
- o/10A teen Fairland (tuis).

**Landloopliga**

Woensdag, 7 Aug.

- Landloopliga by H/s Randburg (vertrek om 14:10).

**Koor**

GEEN junior- en seniorkooroefeninge ná skool op Donderdae **vanaf 25 Julie tot 8 Augustus.** Oefeninge sal plaasvind gedurende aktiwiteitsperiodes.

Normale (ná skool) kooroefeninge op Donderdagmiddae sal weer op 15 Augustus begin.

**Skaak**

Trinity festival:

Gr. 1-3 – Maandag, 12 Aug.

Gr. 4-7 – Dinsdag, 13 Aug.

JNW-Skaakliga 2019:

Ontwikkelingspanne- Vrydag, 13 September

Gevorderde skaak- Saterdag, 14 September

Meer inligting sal volg aan leerders wat gaan deelneem.

## 3. CONQUESTA OLIMPIADES: Graad 3-7

Ek herinner al die leerders wat vir die olimpiades ingeskryf het dat Wiskunde,12 Augustus en Afrikaans Huistaal, 14 Augustus geskryf word. Olimpiades word by die skool onder toesig van die skool se onderwysers geskryf. U kan vorige vraestelle as oefenvraestelle benut. Bestel dit van webtuiste: www.conquestapastpapers.com. Die vorms kan ook afgelaai word by www.conquestaolympiads.com of kontak Conquesta per e-pos: africa@conquestapastpapers.com.

## 4. SUPERBRU

As deel van 2019 se graad 7-fondsinsameling inisiatief en met die "Rugby World Cup" 2019 om die draai, nooi ons graag elke Unika-ouer, -kind, -niggie, -neef, -ouma en -oupa om saam met ons Superbru te speel tydens die "Rugby World Cup" 2019.

Die toernooie begin 20 September en eindig op 2 November 2019.

Inskrywingsfooi is R300 per gebruiker.

**Pryse is:**

**1ste plek – R5,000**

**2de plek – R3,000**

**3de plek – R1,000**

'n Brief rakende die inligting oor die toep is op die d6 beskikbaar. Kom deel gerus saam in ons opgewondenheid!

## 5. LEESSENTRUM: ARS READING ROCKET

Leessentrum: ARS Reading Rocket

Die leerlinge is nou al meer vertroud met die leesprogram, Reading Rocket, en ons wil graag die volgende resultate van graad 2 tot 7 se gemiddelde onder u aandag bring:

Gr 2 44%
Gr 3 48%
Gr 4 36%
Gr 5 53%
Gr 6 45%
Gr 7 19%

241 leerders lees op vlak

341 leerders lees nie op vlak nie

8 leerders lees bo vlak

Ons wil graag die graad 7-leerders aanmoedig om die ekstra leesklasse by te woon op Woensdae vanaf 13:45 tot 15:15 waar hulle die geleentheid sal kry om hulle leesvermoëns te verbeter.

Hoe die leesprogram werk:

Leerders moet 80% of meer kry vir hulle begripstoetse om op hulle vlak te bly. Indien 'n leerder vir vier keer agter mekaar minder as 80% sou kry, skuif die program die leerder outomaties af na 'n laer vlak. Indien 'n leerder vir vyf keer agter mekaar 100% sou kry, skuif die program die leerder outomaties op na 'n hoër vlak.

Ek het ongelukkig geen beheer oor die program se programmering in hierdie verband nie. Leerders is dus self verantwoordelik om elke keer te fokus en volle aandag te gee wanneer hulle lees sodat hulle goed kan presteer. Dit is juis die doel van die leesprogram om leerders te help om alleen te lees, met volle aandag sodat hulle 'n goeie leesbegrip kan ontwikkel. Leerders kan soveel vinniger en meer effektief leer indien hulle oor 'n goeie leesbegrip beskik – dit is 'n vaardigheid wat hulle nou en in die toekoms sal baat.

## 6. PROSEDURES VIR E-POSSE AAN PERSONEEL

*Neem asb. kennis van die prosedure van e-posse aan personeel:*

*Alle* ***sportverwante sake*** *- sport@unika.co.za*

*Alle* ***akademiese sake*** *– Eerste aan vakonderwyser: "cc" vir Angelique Godfrey (angelique.godfrey@unika.co.za) in asook vir Elna van Zyl (elna.vanzyl@unika.co.za).*

*Alle* ***graadverwante sake*** *– Stuur e-pos aan graadvoogde:*

*Graad 4: Estelle Els (estelle.els@unika.co.za)*
*Graad 5: Zani Geldenhuys (zani.geldenhuys@unika.co.za)*
*Graad 6: Belinda Swanepoel (belinda.swanepoel@unika.co.za)*
*Graad 7: Neal Stevenson (neal.stevenson@unika.co.za)*

*Enige* ***ander sake (bv. Siekte, laat kom, algemene navrae ens.)*** *– (ontvangs@unika.co.za)*

*Enige* ***versoeke om hoof te sien*** *– (unika@unika.co.za)*

## 7. BOME IS LEWE-KOMPETISIE

Baie dankie aan al die leerders vir jul finominale kunswerke wat ons ontvang het. Die talent is wonderbaarlik groot en elke leerder kan baie trots wees.

Die volgende leerders se kunswerke is aan die departement gestuur as inskrywing van Laerskool Unika. Ons hou styf duimvas en wag vir die resultate wat deurgegee sal word aan julle sodra dit ontvang is:

1. Kunswerk – Thea Marloth
2. Skrywe – Nina Kotze
3. Gedig – Helene van den Heever

Die volgende leerders se kunswerke is deur die hoof en personeel aangewys as die top 6-of 3 plekke in elke kategorie:

Canvas:

1. Milla Niesing
2. Thea Marloth
3. Summer Mans
4. Bella Jacobz
5. Lente Kleynhans
6. Azura du Plessis

Sketse:

1. Thea Marloth
2. Kevin Marais
3. Albert Uys

Stories:

1. Nina Kotze
2. Reenen Loubser
3. Mia Ainslie

Gedigte

1. Helene van den Heever
2. Amila Jansen van Rensburg
3. Reenen Loubser

Al die inskrywings wat ontvang was, was so mooi, dit was moeilik om net 'n paar te kies.

Laerskool Unika bied aan:

# My a b c




Kaartjies te koop op Quicket

R80 per persoon

30-31 Augustus 2019

*Kom kyk hoe leer die Unika Gr. R'e die "a b c" aan!*

---

THE ART OF FIST & FOOT FIGHTING

PEET'S

# TAEKWONDO

ACADEMY



**Taekwon-Do Teaches:**

Integrity, Perseverance,

Self-Control, Self-Confidence,

Self-Discipline &

Indomitable-Spirit

**About Our *Classes***

It is the Scientific Use of the body in Self-Defence

**Classes:**

Monday & Wednesday's

**Kids/Juniors:** 18h00 to 18h45 (6 to 12 Years)

**Juniors/Adults:** 19h00 to 20h00 (12 Years & Above)

**Place of Training:**

NG Kerk Randburg Suid

30 Jean Road

Blairgowrie, Randburg

**Internationally Certified Instructors**

Sabum Peet van Heerden (4th Degree Black Belt)

BoSabum Engela van Heerden (1st Degree Black Belt)

**Cell/What's App:** 073 246 6248

**Email:** peet.acetkdacademy@gmail.com

Unika Pre-Primêre Skool
Kleuters@Unika
LAG, LEER EN LEKKER SPEEL!

**Julie 2019**

**ONDERWYSPOS BESKIKBAAR BY UNIKA PREPRIMÊR – Januarie 2020**

Unika Preprimêr is 'n kleuterskool wat Afrikaans as onderrigtaal gebruik. Ons strewe daarna om 'n skool van uitnemendheid te wees, waar elke kleuter gelukkig is en sy volle potensiaal kan bereik. Die skool bestaan reeds sedert die 1980's en daar is tans oor die 200 kleuters. Ons volg gestruktureerde programme wat alle ontwikkelings sfere van die kleuters insluit. Kleuters is van 2-5 jaar oud en daar is geen Graad R klasse nie.

**SALARIS**: Onderhandelbaar volgens kwalifikasies en ondervinding

**VOORDELE**: 13de tjek

**ADRES**: Locksleyweg 22, Robindale, Randburg 2194

**WERKSURE**: 07:00 – 13:30 Maandag tot Vrydag, asook 1 middag nasorg per week, vakansiesorgdiens volgens 'n rooster.

**DATUM**: Pos tree in werking vanaf 1 Januarie 2020

**SLUITINGSDATUM**: 16 Augustus 2019

**AANSOEKE**: Aansoeke moet bestaan uit 'n motiveringsbrief, afskrif van ID dokument, volledige CV, afskrif van matrieksertifikaat en relevante tersiêre kwalifikasies asook ten minste 3 verwysings met werkende telefoonnommers.

*Alle aansoeke kan persoonlik afgelewer word by Unika Preprimêr of per e-pos gestuur word aan Karlien by info@unikapp.co.za*

**VEREISTES**

- 'n Relevante Tersiêre kwalifikasie of besig met finale jaar studies
- 'n Passie vir kleuters en hulle behoeftes.
- Relevante ondervinding in kleuteronderwys
- Goeie interpersoonlike verhoudinge, organisasie vermoë, kommunikasie vaardighede (skriftelik en verbaal)
- Rekenaargeletterdheid (Windows 10, Microsoft Excel, Powerpoint, Word, Internet)
- Goeie navorsing- en analitiese vaardighede
- Vermoë om individueel en in 'n span te kan werk
- Bereidwilligheid om van tyd-tot-tyd oortyd te werk

**POSBESKRYWING**

- geskikte kandidaat moet met kleuters kan werk. Sy moet met entoesiasme en liefde kleuters spelenderwys kan opvoed en leer.

## La Couronne Dental Care

**Tandarts /Dental Surgeon**

**Dr. Ryno de Vos**

**011 792 2555/6**

info@lacouronnedental.com

168 Oak Ave, Ferndale Ridge, Randburg

*"We can't wait to see your Smile!"*

LA COURONNE



## Ekstra wiskunde klasse

saam met **JUF. MARIETTE GALJAARD**

en rocknrolla Einsteins

Graad 4 - 7

- Inskerping van tafels
- Vaslegging basiese en nuwe beginsels
- Video's met werkkaarte

kontak
mariette.galjaard@unika.co.za
vir meer inligting



## VERLOOP BUILDING

ALEX VERLOOP

083 400 2766

abwverloop@gmail.com

www.verloopbuilding.co.za

www.facebook.com/VerloopBuilding/

2 Nicolyn Avenue, Ruiterhof, Randburg

**QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED**

### SERVICES

- Building alterations
- Revamping bathrooms
- Rhinolite
- Tiling / Cladding
- Carpentry
- Electrical
- Plumbing
- Painting
- Ceilings
- Water and damp proofing

ng kerk
weltevreden
lewe vir die stad

Vierde Jaarlikse Weltevreden

# Koorfees

Kom geniet 'n aand van pragtige koorsang saam met ons!

**Dinsdag 13 Augustus 18:30**
Laerskool Fairland Junior Koor
Laerskool Fairland Senior Koor
Northcliff Primary Senior Choir
Laerskool Herlderkruin Senior Koor
Hoërskool Randburg
*met gaskunstenaars Carla van Veenendaal, Lorette Pretorius en Althea Steynberg*

**Woensdag 14 Augustus 18:30**
Trinity House Junior Choir
Laerskool Horison Senior Koor
Laerskool Unika Junior Koor
Laerskool Unika Senior Koor
Boskop Primary Junior Choir
Boskop Primary Senior Choir
Laerskool Kenmare Senior Koor
*met gaskunstenaars Martleen Oosthuizen en Simone van Staden*

**Donderdag 15 Augustus 18:30**
Laerskool Roodekrans Junior Koor
Laerskool Roodekrans Senior Koor
Trinity House Senior Choir
Kings High School
Curro Aurora Senior Choir

**met gaskunstenaars Quava Vocal Group**

**Deure open 18:00**

NG Weltevreden, Corneliusstraat 1140

**R80 per persoon**
**Verversings sal te koop aangebied word!**

**Kaartjies te koop by die Kerkkantoor 011 475 5510, of aanlyn by www.ngweltevreden.co.za**